# GEBEDSBULLETIN

**April se tema: God se wil**

Hierdie week se DANKSEGGING:

* Dat God se Koninkryk kom waar mense sy wil doen.
* Dat ons as gemeente 'n eenheid is (en kan wees) tsv ons verskeidenheid.
* Vir die komende Paasfees (wydingsdiens, Blommefees, Nagmaal, Sonsopkoms-byeenkoms en Opstandingsdiens).
* Vir die voorreg om in Mosselbaai te woon.
* Vir die reën.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* Paasfees met Blomme. Bid dat mense die boodskap sal verstaan en nie net die mooi blomme sal raaksien nie.
* Paaie gedurende die Paasnaweek en skoolvakansie.
* Ons huisgesinne en die hooplose situasie van miljoene armes in SA.
* Bendegeweld, verkragtings, en gewapende roof (veral in Kaapstad).
* Droogte in die Wes- en Oos Kaap.

## VLEESBAAI BASAAR

Ons nooi u almal hartlik uit na die Vleesbaai basaar DV op Vrydag, 6 April vanaf 16:00 in die kerksaal op Vleesbaai. Kom kuier, koop, eet en geniet uself!

## BLOMMEFEES

Vandag tot Maandag vanaf 10:00—18:00 sal die saal oop wees vir besigtiging. Daar sal ook 'n teetuin wees met heerlike eetgoed.

Dinsdag na 10:00 sal daar blomme en plante verkoop word in die saal.





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: APRIL SKOOLVAKANSIE**

*"God het deur Christus alles met Homself versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen". (Kolossense 1:19-20)*

**EREDIENSTE:** 8 April 09:00 Kerkgebou en Vleesbaai.

**KATEGESE EN KINDERKERK:** Begin weer D.V. op 15 April.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**NEEM ASB KENNIS: Ds Danie** is 31 Maart — 9 April en **Ds André** is 28 Maart —10 April met verlof. Indien u 'n dominee benodig en u dominee is met verlof, skakel gerus vir ds Robert by 044-6912244 of 0846841304.

**DEURKOLLEKTE:** Vandag Eljada nasorg en volgende Sondag vir Makhathini.

**KANTOOR:** Sal DV gesluit wees op Maandag, 2 April.

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Geen Bybelstudies.

**KOSKAS:** April is Streek A se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

## WOEKER VIR BOTSWANA-UITREIK

Ons verkoop droë vrugte by die kerkkantoor: **Geskilde perskes** @ R85 p/kg of R45 p/500g. **Ongeskilde perskes** @ R65 p/kg of R35 p/500g.



## ONS BANKBESONDERHEDE

*NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 058 0031 (Dankoffers)*
*NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)*

*Ons wil u aanmoedig om, as dit vir u moontlik is, u dankoffer direk in te betaal by wyse van 'n aftrekorder, elektroniese oorplasing of outobank-koppeling. Dis baie veiliger en spaar die kerk baie bankkoste op kontantdeposito's.*

